BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# VERGETE PAAIE

# Deel 1 – Eerbied

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe is jy groot gemaak as dit kom by respek/eerbied vir ouer mense – baie formeel of minder formeel? Wat was jou ervaring daarvan?**

**Baie keer sal mense sê: "Respek word verdien". Stem jy daarmee saam? Hoe dink jy vergelyk jou oortuiging met hoe God ons hanteer – respekteer/eer Hy ons of moet ons dit eers verdien voor Hy dit gee?**

**In baie ander kulture is daar sekere dinge wat jy moet doen om eer en respek te wys. 'n Mens moet baie keer bewus wees daarvan voor jy oorsee gaan. Hoe sal jy vir 'n oorsese persoon verduidelik, word daar eer aan ander mense in Suid-Afrika gewys? Dink jy daar is 'n spesifieke manier? Hoe voel jy daaroor. Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die volgende vrae:**

**Romeine 13:1-2, 7 en 1 Petrus 2:13-17. Hoekom dink jy is hierdie vir mense moeilik? Hoekom dink jy is dit vir God belangrik?**

---

---

---

**Daniël 6:21-22. Hoe het Daniël die koning hanteer nadat hy in 'n leeukuil gegooi is, deur dieselfde koning? Wat was die uitwerking van Daniël se eer vir gesag tydens sy hele lewe in ballingskap?**

---

---

---

**Jesaja 32:8. Hoe dink jy identifiseer jy 'n eerbare mens? Sou jy sê jy voldoen aan daardie kwaliteite? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

**Matteus 25:34-45. Hoekom dink jy is dit vir God belangrik hoe ons die geringstes onder ons hanteer?**

---

---

---

**Romeine 12:10 en Matteus 7:12. Wat dink jy kan die gevolg wees as ons alle mense met eerbied begin hanteer?**

---

---

---

**In die preek is 8 groeperings uitgewys waar ons eer moet bewys: *1) alle mense; 2) gesag; 3) ouers; 4) die huwelik; 5) ouderdom; 6) natuur; 7) geringstes; en 8) God*. In watter area is dit vir jou moeilik om eer te bewys? Verduidelik. Hoe kan jy hierdie week 'n stap neem om in daardie area meer eer te bewys? Hoe kan jou groep jou bystaan?**

**In die preek is 3 maniere uitgewys hoe ons mense kan eer: *1) Stel hulle eerste; 2) Eer met jou woorde; 3) Sien mense met dieselfde waarde waarmee God hulle sien.* Op watter een van hierdie maniere dink jy moet jy fokus? Hoe gaan jy dit prakties doen? Wie is die persone in jou lewe wat dit moet ervaar?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**